16.17 RAPPORT 12: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR VERENIGDE KONINKRYK (Art 58)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds TF Dreyer (s) en dr DG Breed.

1. Free Church of Scotland (FCS)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Dat die ekumeniese eenheid met die FCS onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.

1.1.2 Dat die opdrag om die betekenis van "korrespondensie" verder te bespreek om tot ‘n vergelyk te kom, kontinueer.

Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Ds TF Dreyer het in Mei 2013 die Sinode van die FCS in Edenburg bygewoon. Groete is oorgedra en ‘n uitnodiging na ons Algemene Sinode in Januarie 2015 is gerig. Ds Dreyer en sy familie is hartlik ontvang en groot waardering is deur die FCS uitgespreek vir ons jarelange ekumeniese verhouding.

1.2.2 Daar was ‘n merkbare opgewondenheid by die Sinode van 2013 as gevolg van ‘n hernude fokus op sake soos plaaslike evangelisasie en kerkplanting. Baie tyd is afgestaan om hierdie sake te deurdink en daarvoor te bid.

1.2.3 Die FCS het verder opnuut standpunt ingeneem teen die voorgenome planne van die regering om homoseksuele huwelike te wettig. Die wetgewing is intussentyd goed gekeur. Die FCS is een van die min stemme in daardie samelewing wat aanhou om ‘n duidelik Skriftuurlike standpunt in te neem en hulle beleef ook die weerstand en vervolging wat hiermee gepaard gaan en vra dat ons saam hiervoor sal bid.

1.2.4 Gesprekke om ons Presbiteriaanse broers te oortuig dat kerklike korrespondensie iets meer beteken as wat hulle tot nou toe daaronder verstaan het, duur voort. Ons glo dat hierdie gesprekke mettertyd sal lei daartoe dat ons nader aan mekaar beweeg in ons verstaan hiervan.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Dat die GKSA sy ekumeniese eenheid met die FCS herbevestig.

1.3.2 Dat hierdie eenheid onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.

1.3.3 Dat die opdrag om die betekenis van "kerklike eenheid" verder te bespreek om tot ‘n vergelyk te kom, kontinueer.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.

2. Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

Dat die ekumeniese eenheid met die FCS(c) onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Ds TF Dreyer het in Mei 2014 die Sinode van die FCS(C) in Edenburg bygewoon. Groete is oorgedra en ‘n uitnodiging na ons Algemene Sinode in Januarie 2015 is gerig. Groot waardering is deur die FCS(c) uitgespreek vir ons jarelange ekumeniese verhouding.

2.2.2 Wat die verhouding tussen die twee susterskerke betref het daar niks formeels verander in die sin dat hulle nader na mekaar toe beweeg het of die skeuring probeer regmaak nie. Die verhouding is saaklik. Meeste van die juridiese sake tussen gemeentes, veral tov sake soos die gebruik en eienaarskap van kerklike eiendom, is besig om tot ‘n einde te kom.

2.2.3 Wat geld vir die FCS rondom die hele saak van die wetgewing van homoseksuele huwelike geld ook vir die FCS(c). Die FCS(c) het ook opnuut standpunt ingeneem teen die wettiging van die huwelike. Voorbidding word gevra vir die weerstand en vervolging wat hiermee gepaard gaan.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Dat die GKSA sy ekumeniese eenheid met die FCS(C), herbevestig.

2.3.2 Dat hierdie eenheid onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar die geleentheid daarvoor homself voordoen.

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.

3. International Presbyterian Church (IPC)

Ekumeniese bande

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Dat die Sinode die sluit van ekumeniese bande met die IPC goedkeur en aan die Deputate die opdrag gee om die verhoudings verder uit te bou met die moontlikheid van ekumeniese eenheid.

3.1.2 Dat die Sinode kennis neem van die Deputate se versigtigheid rondom sekere kerkregtelike aspekte en dat die Deputate die opdrag kry om verdere gesprekke met die IPC hieroor te voer.

Besluit: Punte 3.1.1 en 3.1.2 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

Die Deputate kon op verskeie maniere sedert ons laaste Sinode kontak maak met die IPC. Ds HC van Rooy en ds J van Schaik is in 2012 deur Gereformeerde Kerk Randburg gestuur om by ds HK de Kock en Canada Water Church (CWC) besoek af te lê en hulle kon ds TF Dreyer verteenwoordig by die IPC se Engelse Presbytery in 2012. Hulle het baie positiewe terugvoer gegee oor die kerkverband se ywer om die evangelie en die Gereformeerde leer uit te dra in Engeland en Europa en spesifiek in Londen.

Ds Dreyer en ds HK de Kock (Canada Water Kerk in Londen) kon in 2013 met rev Paul Levi, in daardie tyd die moderator van die Presbytery, gesprekke voer oor Canada Water Kerk se inskakeling by die IPC en die GKSA se versigtigheid rondom die twee kerkregtelike sake, nl hulle ampsbeskouing (2 ampte teenoor ons 3 ampte) en ‘n streng presbiteriaanse kerkregeringstelsel wat die potensiaal laat vir die Presbytery om oor die plaaslike Kerkraad te regeer.

Ons kan met opgewondenheid getuig dat ons beslis nader aan mekaar beweeg wat betref die ampsbeskouing. Wat hiertoe bygedra het, is die feit dat ‘n hele paar gemeentes van die Church of Scotland (*nie te verwar met die Free Church of Scotland (FCS) met wie ons eenheid nie*) deel geword het van die IPC. Dit het gevolg na aanleiding van die Church of Scotland se besluite om mense wat in homoseksuele verhoudings leef toe te laat om in die ampte te dien.

Die ampsbeskouing van die Gereformeerde Kerke uit die Skote tradisie is nader aan ons eie ampsbeskouing en dit het wat ons betref ‘n positiewe uitwerking op die IPC gehad. Dit behoort ook eersdaags in hulle *Book of Church Order* wat onlangs verwerk en aangepas is, vervat te word.

Wat die kerkregeringstelsel betref is die Deputate se oortuiging dat daar nog gesprek en tyd nodig is om enige onduidelikheid uit die weg te ruim. Kyk ook die Rapport oor die Londenbediening vir verdere inligting hieroor.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Dat die Sinode kennis neem van die ontwikkeling van ons verhouding met die IPC.

3.3.2 Dat die Sinode sy ekumeniese bande met die IPC handhaaf en aan die Deputate die opdrag gee om die verhoudings verder uit te bou met die moontlikheid van ekumeniese eenheid.

3.3.3 Dat die Sinode kennis neem van die Deputate se versigtigheid rondom sekere kerkregtelike aspekte en dat die Deputate die opdrag kry om verdere gesprekke met die IPC hieroor te voer.

Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.3 goedgekeur.

4. Londenbediening

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

4.1.1 Dat die Sinode een kollekte per jaar goedkeur ter ondersteuning van die bediening in Londen en dat die Deputate in samewerking met GK Randburg toesien dat hierdie fondse ten beste vir daardie bediening bestee word.

4.1.2 Dat die Deputate in samewerking met die GK Randburg adviserend betrokke bly by die verdere ontwikkeling van die kerklike bediening in Londen en dat daar geduldig maar tog indringend gepoog moet word om die inskakeling van die gemeente by ‘n plaaslike kerkverband te bewerkstelling, hetsy dit uiteindelik die FCS of die IPC is.

Besluit: Punte 4.1.1 en 4.1.2 kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van die opdrag*

4.2.1 Betrokkenheid by die verdere ontwikkeling van die kerklike bediening in Londen

Daar kon sedert ons laaste Sinode by verskeie geleenthede kontak gemaak word met ds HK de Kock en die ouderlinge van Canada Water Church. Ds de Kock en sy familie was jaarliks vir besoek in Suid-Afrika en GK Randburg kon by twee geleenthede predikante stuur om in Londen besoek af te lê. Ds TF Dreyer kon ook namens die Deputate by die gemeente besoek af lê.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat daar deur die genade van die Here en die gehoorsaamheid van ons kerkverband onder leiding van die GKR en die Deputate vir ekumeniese sake, ‘n lewende, groeiende Gereformeerde gemeente in die woongebied van Canada Water in sentraal Londen, tot stand gekom het (*volg gerus die geskiedenis en kry meer inligting by http://gkrlondenbediening.com/)*.

Daar is 156 mense van 27 nasionaliteite wat gereeld eredienste bywoon. CWC is tans een van die grootste gemeentes wat nou saamwerk met die International Presbyterian Church (kyk 3 hierbo). Die gemeente is ook groot in vergelyking met die gemiddelde gemeente grootte in Engeland wat maar tussen 60-70 lidmate is. Omdat dit ‘n middestad bediening is, is dit ‘n baie beweeglike gemeenskap wat beteken dat hulle min of meer 20% van hulle lidmate elke jaar verloor. Hulle beskou dit egter nie as verloor nie maar as ‘n uitstuur van mense die wêreld in. Hulle groei oor die laaste twee jaar was egter min of meer 30% per jaar, wat ‘n netto groei van 10% is. ‘n Groot deel van hierdie groei is nominale of nie-Christene wat tot bekering kom.

Alhoewel die getal Suid-Afrikaners in Engeland en spesifiek in Londen baie afgeneem het, is daar steeds ‘n groot groep Suid-Afrikaners (byna 30% van die lidmate) wat deur die gemeente bedien word.

Twee van die drie ouderlinge is Suid-Afrikaners. Dit wil voorkom of die getal professionele mense wat deur die groot finansiële instellings vir tydperke na Londen gestuur word, ook toeneem. CWC kry gereeld Suid-Afrikaners wat vir kontrakwerk (6 maande tot 2 jaar) na Londen kom en dan by hulle inskakel. 'n Verdere ontwikkeling is die toenemende getal tweede generasie Suid-Afrikaners wat aanklank vind by die gemeente wanneer hulle kom studeer in Londen. Canada Water is 'n omgewing in Londen wat reeds 'n hele aantal tersiêre instellings huisves en wat ook geoormerk is vir groot verdere ontwikkeling in hierdie verband.

4.2.2 Inskakeling van die gemeente by 'n plaaslike kerkverband

Op die oomblik is CWC soos per vorige Sinodebesluit die enigste gemeente van die Gereformeerde Kerke in London (GKL) / ReformedChurches in Londen (RCL) wat in kerkverband staan met die GKSA (kyk Acta 2009:175). CWC handhaaf egter baie goeie en naby verhoudings met die IPC en die Free Church of Scotland (FCS).

Ds de Kock is 'n gekoöpteerde lid van die Engelse Presbytery van die IPC en neem leiding by die denominasie se gesamentlike kerkplant inisiatiewe. Hy was ook 'n spesiale gas by die laaste Sinode van die FCS waar hy gelukwensing aan sy kollega in Londen en nuwe moderator van die FCS Sinode, ds David Miller van Cobham Presbyterian Church, moes oordra.

Op plaaslike vlak werk CWC die nouste saam met die IPC en die moontlikheid om mettertyd formeel by hulle in te skakel bly op die tafel. Vir die Kerkraad van CWC en die Deputate vir Ekumenisiteit Buitelands van die GKSA bly die enigste uitdaging en versigtigheid wat formele deel word op hierdie stadium verhoed, steeds die gevaar dat die Presbytery volgens hulle huidige kerkordelike bepalings, baie voorskriftelik kan wees en oor die plaaslike Kerkraad kan regeer. Die ouderlinge van CWC was saam met die Deputate vir Ekumenisiteit Buitelands die afgelope paar jaar in gesprek met die IPC hieroor en is dit eens dat verdere gesprek en tyd nodig is.

Dit was duidelik uit gesprekke met beide die IPC en die FCS dat hulle groot waarde heg aan hulle verhouding en samewerking met CWC in Londen en Engeland en dat hierdie groeiende gemeente vir hulle 'n groot bron van inspirasie is. In 'n stad waar slegs 2% van die inwoners onlangs aangedui het dat hulle nog lidmate is van 'n kerk en eredienste bywoon en waar baie klein persentasie van hierdie 2 persent mense van Gereformeerde Belydenis is, is die opgewondeheid verstaanbaar.

4.2.3 Koste van die Londenbediening en die aanwending van die kollektes

Die tot stand bring van hierdie gemeente in Londen het die GK Randburg (GKR) 'n gemiddeld van R280 000 oor die laaste 10 jaar gekos. Die jaarlikse verpligte kollekte uit die GKSA het gemiddeld R120 000 van hierdie koste per jaar gedek. Dit beteken dat die netto koste hiervan vir die GKR sowat R160 000 per jaar beloop het. GKR bly egter namens die kerkverband verantwoordelik vir die totale bruto uitgawes vir CWC vanaf SA en sou GKSA deur verpligte kollektes nie meer hiermee help nie, kan die bediening in Londen skipbreuk lei.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat die groei en stabiliteit van CWC daartoe lei dat hierdie koste aan die afneem is. Die gemeente is op 'n trajek van finansiële selfstandigwording wat in lyn is met die gemiddelde tydperk van selfstandigwording vir kerkplante in Londen (Gemiddeld 10-15 jaar).

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbevelings*

4.3.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die voorgaande bediening onder Suid-Afrikaners sowel as die bediening binne die gemeenskap waar hierdie kerke hulle self bevind.

4.3.2 Dat die Sinode weer een kollekte per jaar goedkeur ter ondersteuning van die bediening in Londen en dat die Deputate in samewerking met GK Randburg toesien dat hierdie fondse ten beste vir daardie bediening bestee word.

4.3.3 Dat die Deputate in samewerking met die GK Randburg adviserend betrokke bly by die verdere ontwikkeling van die kerklike bediening in Londen, veral wat die oorweging van moontlike inskakeling by die IPC betref.

Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.3 goedgekeur met 'n besondere woord van dank aan die GK Randburg vir die rol wat hulle in hierdie bediening speel.

5. The Evangelical Presbyterian Church of England and Wales (EPCEW)

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

"Die Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49." "Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word" (vgl Acta, 2009:162).

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Uitvoering van opdrag*

In die lig van die feit dat daar heelwat van ons lidmate na die Verenigde Koninkryke emigreer of vir langer tydperke daar werksaam is, het die Deputate dit goed gedink 'n wyer netwerk van kerkverbande op te soek om veral ook lidmate wat in Ierland of Wallis te lande kom behulpsaam te wees met 'n kerklike tuiste.

Een so 'n kerkverband met wie ons kontak kon maak is die EPCEW. Ds TF Dreyer kon met van hulle afgevaardigdes by die Sinodes van die FCS en FCS(c) ontmoet en gesprekke voer. Ons afgevaardigdes na die ICRC kon ook met hulle by die geleentheid kontak maak. Uiteindelik is ons uitgenooi na hulle Sinode toe waar ds HK de Kock 'n groeteboodskap van ds Dreyer namens die GKSA oorgedra het.

Die EPCEW is 'n baie klein kerkverband met 13 gemeentes in Engeland en Wallis te same en 2 gemeentes in Swede wat onlangs by hulle aangesluit het. Hulle beperkte hulpbronne maak dit vir hulle moeilik om regtig noemenswaardige ekumeniese verhoudings aan te gaan met buitelandse kerke maar hulle Deputate het reeds hulle dank uitgespreek oor lidmate uit ons kerkverband wat by van hierdie gemeentes inskakel en hulle het die begeerte uit gespreek om tog met ons in gesprek te tree oor nouer bande. Die Deputate is van mening dat ons die verhouding verder moet ondersoek, aangesien daar nie werklik groter kerkverbande is in Engeland en Wallis nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbeveling*

Dat die Sinode kennis neem van die ekumeniese kontak wat daar met die EPCEW gemaak is en dat die Sinode aan die Deputate die opdrag gee om verdere ondersoek te doen met die oog op ekumeniese bande en moontlike eenheid met die EPCEW.

Besluit: Goedgekeur.